DEPRTEMENT VAN ONDERWYS
GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL
JUNIE EKSAMENS 2017
AFRIKAANS (EAT) VRAESTEL 2

GRAAD: 12
PUNTE:70
DATUM:20/06/17

EKSAMINATRISE:A.RAMNATH
MODERATRISE: P. RAMJEE
TYDSDUUR: 2 UUR

**NAAM:**______________________________ **GRAAD:**________

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 7 BLADSYE.**

INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE Afdelings:
   - Afdeling A: POESIE (35 punte)
   - Afdeling B: ROMAN(35 punte)
2. Bestee ongeveer 60 minute aan elke Afdeling.
3. Beantwoord al die vrae- daar is geen keuse nie.
4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
5. Skryf netjies en leesbaar.
6. Voorletters van jou onderwyser/es moet bo-aan geskryf word-**PS, SSu, ARa,PR,S.R.P, S.Re**

Blaai om Bl 2...Afdeling A

## AFDELING A – POESIE

Beantwoord **AL** die vrae.

**Vraag 1:Ek het 'n huisie by die see**

### Ek het 'n huisie by die see
HA. FAGAN

Ek het 'n huisie by die see, Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil - 'n kreun, 'n klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kan vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daar buite,
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hier binne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan -
dit is 'n rots waarop my huisie staan.

1.1. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die korrekte letter neer.

1.1.1. Hierdie gedig is 'n Engelse sonnet want

A. Dit bestaan uit 3 kwatryne en 'n rymende koeplet
B. Dit bestaan uit 4 kwatryne en 'n rymende koeplet
C. Dit bestaan uit drie kwatryne (1)

1.1.2. Die golwe in die see is

A. Stormagtig
B. Rustig
C. Kalm (1)

1.1.3. Die huise word 'n simbool van

A. Die natuurelemente
B. Die spreker se sterk waardes en beginsels wat sy fondament is.
C. Verlore siele (1)

Blaai om Bl 3...1.2.Haal

1.2. Haal een word uit strofe 1 aan om aan te dui dat die golwe aanhoudend teenaan die rots slaan. (1)

1.3. Haal twee agtereenvolgende woorde aan wat sê hoe gevaarlik en kragtig die see is. (1)

1.4. "Soos van verlore siele in hul nood"

1.4.1. Identifiseer die beeldspraak. (1)

1.4.2. Bespreek die beeldspraak. (1)

1.5. Waarna dink jy soek die verlore siele? (1)

1.6. Sê hoekom die volgende stelling WAAR is? Haal aan om jou antwoord te motiveer.

1.6.1. Die spreker daag die natuurelemente uit. (1)

1.7. Kies die korrekte antwoord.

"al dwalend klagend wat in graf en dood" is 'n voorbeeld van (assonansie/ alliterasie) . ( 1)

1.8. Watter drie sintuie word in die gedig gebruik? (3)

1.9. Noem twee bronne van hitte en lig in die huisie. (2)

1.10. Gee twee kontraste in die gedig. (2)

1.11. Bespreek die tema in die gedig. (1)

[18]

**Vraag 2:**

## Die nuwe kind

Ons oë pen jou in jou spore vas:
die nuwe kind hier in ons klas.
In óns skooldrag, langs óns meneer,
jou hare volgens die reëls geskeer.

"Hector Sobukwe," hoor ons jou naam,
"'n koningskind" – al is jy skaam.
Bedees knik jy, asof jy óns bedank
en gaan sit dan stil in jou bank.

Uit 'n Tupperware-bakkie, soos dit hoort,
eet jy pouses jou snytjies brood.
maar eenkant, alleen, onder 'n boom
gaan staan jy dan en droom.

In die kunsklas word jou pen 'n mas,
hys jy prentjieseile uit jou ribbekas,
vaar jy weg oor wit papier
die toekoms in, nog ver van hier . . .

Blaai om Bl 4...2.1. Watter

2.1. Watter woord in die titel sê vir ons die kind sy eerste keer in die klas was? (1)

2.2. Noem die kontras in versreël 1. (1)

2.3. Kies die korrekte antwoord:

2.3.1.Hierdie gedig bestaan uit vier strofes en vier (kwatyne/tersinne) (1)

2.3.2. Die sintuig van (sien/hoor) word in versreël 1 verwys. (1)

2.4. In strofe 1 word die woord "ons" as 'n besitlike voornaamwoord gebruik. Wat suggereer die klem op die woord "ons"? (2)

2.5.1. Beskryf die nuwe kind se voorkoms volgens strofe 1. (1)

2.5.2. Watter afleiding kan ons oor die kind se gedrag in strofe 1 maak? (1)

2.6. Met wie is die nuwe kind se naam geassoseer? (1)

2.7. Sê hoekom die volgende stelling ONWAAR is.
Hector Sobukwe is luiderig en praat te veel. (1)

2.8. Sê hoekom die volgende stelling ONWAAR is. Haal 'n VERSREËL om jou antwoord te motiveer.
Die nuwe kind word deur die ander kinders aanvaar. (1)

2.9.Wat doen hy wanneer hy onder die boom gaan staan? (1)

2.10. Pas Kolom A met Kolom B.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 2.10.1. "sit dan stil" | A. metafoor |
| 2.10.2. "soos dit hoort" | B. alliterasie |
| 2.10.3. "Ons oe pen jou in jou spore vas" | C. assonansie |

(3)

2.11. Bespreek die universele tema in hierdie gedig. (2)

[17]

**[35 punte]**

Blaai om bl 5...Afdeling B

## AFDELING B – ROMAN

**BEANTWOORD AL DIE VRAE**

Vraag 3

Pas Kolom A met Kolom B. Skryf net die nommer en korrekte letter neer.

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 3.1. | Tant Malie | A. Lien se broer |
| 3.2. | Tanie Bets | B. Lien gee die predikant hierdie naam |
| 3.3. | "Mary Morning Glory" | C. Lien se vriend |
| 3.4. | Nora Jones | D. Sy is 'n alkoholies |
| 3.5. | Braam | E. Eienares van die Koffiewinkel |
| 3.6. | "Kuifie" | F. Die plek waar Lien inkopies doen |
| 3.7. | Wouter | G. Lien speel hierdie rol in die Breakfast Club |
| 3.8. | Pick and Pay | H. Sorg vir hulle terwyl hulle ma weg is |
| 3.9. | Weird Maria | I. Lien gee Sue Ellen hierdie naam |
| 3.10. | Christien Jooste | J. Lien luister baie na haar musiek |

[10]

Vraag 4

Lees die volgend uittreksels uit Hoofstuk 7 en beantwoord die vrae wat volg.

Moet jy nie liewer dít nie, of moet jy nie liewer dát nie, is Donovan se storie. En so gaan dit aan.

Lien weet ook presies wat sy moet doen. Sy moet die telefoon antwoord en die afspraakboek op datum hou. Sy moet elke halfuur vee en vir die kliënte iets te drinke aandra. Die kombuis is ook haar baba en sy moet die tydskrifte op die koffietafel in die ontvangshoekie gedurig op 'n netjiese hopie stapel. Dan moet sy die trollie en die toonbank afvee en die horde botteljies in 'n netjiese ry op die trollie rangskik.

Sue-Ellen (of Mary Morning Glory) doen dalk als reg, maar die kombuis is nie baie prakties ingerig nie. Die ketel staan ver van die rak waar die koppies en pierings en bekers gehou word en is heeltemal te ver van die yskas af. Lien besluit om die kombuis reg te ruk.

Blaai om Bl 6...4.1.

4.1. Noem die plek waar Lien werk? (1)

4.2. Waar het Lien vroeër gewerk? (1)

4.3. Wie is Dirkie en Donovan? (1)

4.4. Hoeveel geld verdien Lien per dag by die haarsalon? (1)

4.5. Noem DRIE TAKE (in punt vorm) wat Lien by die haarsalon moet doen? (3)

4.6. Wat noem Donovan vir Lien wat haar irriteer? (1)

4.7. Wie se werk het Lien by die haarsalon geneem? (1)

4.8. Waarom se Donovan dat Lien moenie te "attached" raak aan die joppie nie? (1)

4.9. Dirkie vra Lien om 'n "free sit" te kry. Wat bedoel hy? (1)

4.10. Sê hoekom die volgende stelling ONWAAR is.
"Last season" verwys na Braam se krieket wedstryd. (1)

4.11. Wat is die funksie van die lirieke /musiek waarna Lien luister? (1)

4.12. Lien probeer om geld te spaar om haar droom te bewaarheid. Wat is Lien se groot droom? (1)

4.13. Waarom kyk Braam altyd na die video opname? (1)
[15]

Vraag 5

Lees die volgend uittreksel uit Hoofstuk 9 en beantwoord die vrae wat volg

"Ek voel so sleg omdat jy kos koop met jou geld," sê haar ma terwyl sy nog steeds deur die venster kyk.

Lien moet op haar tande byt om nie iets te sê nie.

"Ma kan altyd weer begin klavierlesse gee," sê sy ná 'n rukkie terwyl sy die tamaties in die yskas pak. Haar ma vat nog 'n slukkie wyn. Die ys rinkel in die glas.

"Ma kan baie meer geld met musieklesse maak as wat Ma ooit by daai simpel staatsdepartement gaan kry." Sy kyk na haar ma wat bewegingloos na buite tuur en net nou en dan 'n slukkie uit die glas neem.

"Hoekom speel Ma nooit meer nie?" Haar ma sê niks nie. Slukkie.

Blaai om Bl 7 . . . . 5.1. Waarom

5.1. Waaroor voel Lien se ma skuldig? (1)

5.2. Hoekom moet Lien se ma klavier lesse gee? (1)

5.3. Waarom dink jy speel Christien Jooste nie meer klavier nie? (1)

5.4. Sê hoekom die volgende sin WAAR is.Haal van die uittreksel uit om jou antwoord te motiveer.
Lien se ma het 'n drank probleem. (1)

5.5. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en korrekte letter neer.
5.5.1. Christien Jooste het vir______________________ gewerk.
A. Pick en Pay
B. Binnelandse Sake
C. Tant Malie (1)

5.5.2. Lien se pa is
A. onderwyser
B. reisagent
C. prokureur (1)

5.6. Rangskik die volgende sinne in die regte volgorde. Skryf net die letters neer.
A. Die onder 16's speel krieket teen die Forteine.
B. Miemie en Lien help Mej-Breytenbach om die rekwisietekamer in orde te kry.
C. Meneer Bruwer praat oor hulle lewensoriëntering projek.
D. Miemie vier haar verjaarsdag met Lien by Wimpy.

(4)
[10]

{35 Punte}

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MR S R PANDAY